Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 48865 of Bruarfossweg 80
Hercules Valhalla
0030 0185

14 April 2006

Nuusbrief 1 / 2006

Beste Lid,

Ja, die meeste van u het seker nog nie Nuusbrief 3/2005 klaar gelees toe ek hierdie nuusbrief begin het nie (30 Desember 2005) ! Ja, die jaar 2005 "leg pep flet" op sy rug en ons staan op die drumpel van 'n splinternuwe jaar – om te dink oor 366 dae dan kan ek so te sê hierdie sinnetjie weer herhaal ! Dink daaraan, die langste dag en kortste nag was 9 dae gelede en sonder dat ons dit op hierdie oomblik agterkom, begin die dae binnekort weer korter raak !

Ons hoop van harte dat u almal die vakansie / rustyd geniet het en dat u weer kans sien vir die jaar wat voorlê – wat dit alles vir ons gaan inhou, sal ons seker maar moet wag en sien.

1. OORLEDE : Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van die volgende lede bekend maak :

a. Mnr Hansie Erasmus, Posbus 123, Jansenville 6265 (16 Februarie 2006 - Voorsitter van die Karoo-tak)
b. Mnr H.L. (oom Bronkie) Bronkhorst (03 Maart 2006)

Ons bid die gesinne sterkte toe vir die toekoms en ons hoop en vertrou dat hulle die nodige krag en sterkte van Bo sal ontvang om voort te gaan.

2. POS TERUG : Net soos met die vorige twee nuusbriewe, het die volgende lede se pos teruggekom :

a. Mnr J.W. Wheeler, Posbus 11833, Erasmuskloof 0048 (Posbus gesluit)
b. Mnr J.M. Kruger, Sam Geran Arielstraat 172, Bedelia, Welkom 9459 (Adres onvoldoende – as iemand miskien die korrekte adres ken, laat my asb weet ... dankie.)

3. VERTROULIKE INLIGTINGSTROKIES : Ek stuur weer die Vertroulike Inligtingstrokies saam met hierdie nuusbrief. **INDIEN u inligting KORREK is** op die strokie, dan hoef u dit **NIE terug te stuur nie**, **MAAR as dit NIE korrek is nie, STUUR dit ASB terug na een van die adresse bo-aan die nuusbrief of faks dit aan 086 672 1374**. Soos ek genoem het, het ek die databasis gebruik wat al so effens aan die ou kant is, so kyk maar noukeurig na al die inligting en maak asb reg wat verkeerd is. Baie dankie. Sodoende behoort ek darem weer my databasis 100% te kry. Onthou tog asb, as ek nie die nodige inligting het nie, kan ek nie dinge reg doen nie. Dit het werklik gebeur dat een van ons lede my "bygekom" het deurdat ek nie geweet dat hy 70 jaar oud is nie, MAAR dan het die lid nog nooit sy inligtingstrokie vir my teruggestuur met sy verjaarsdag / ID nommer daarop nie – die verjaarsdag wel, maar nie die jaar nie! So ek vra weer mooi asb lede : stuur asb u korrekte inligting vir my - sodoende kan ons almal saam gesels (op die regte datum en al!) Net so terloops, op hierdie stadium is daar nog 5 lede wat NIE 'n verjaarsdagkaartjies ontvang nie !

4. TE KOOP

a. Die volgende is van Mnr G. S. (oom George) Symington, Tinahof 28, Pieter Bothalaan, Pierre van Ryneveld 0157 ontvang : "Ek het 'n konsertina waarmee oorlede oom Jan van Rooyen gespeel het. Hy het dit sy "boerekonsertina" genoem. Dit is "Made in German Democratic Republic". Ek het oom Jan lank begelei met kitaar, maar kon nie self konsertina speel nie. Ek sal R400-00 vir konsertina oorweeg. My telefoonnommer is 012 662 0568 of selfoon 084 872 4585". (*Indien u belangstel, skakel gerus met oom George. Red.)*

b. Dan het Mnr Theuns Kruger die volgende ingestuur : Hy is op soek na 'n 3-3/4 ry Wheatstone konsertina in goeie toestand. Kontak hom asb by 018 632 9542 of 083 752 6019

5. BOEREKONSERTINAS : VERVAARDIGING IN DIE R.S.A.

Die volgende stukkie nuus is van Stephaan van Zyl ontvang (uiteindelik), want dit het omtrent rond gereis !

Soos baie musikante al agtergekom het, word dit al moeiliker om oordentlike boerekonsertinas in die hande te kry. Tevergeefs soek mens ook na iemand wat bereid is om herstelwerk aan 'n bestaande boerekonsertina te doen.

As bogenoemde toestande toegelaat sou word om voort te duur, kon dit 'n belangrike deel van ons musiek-erfenis heeltemal laat uitsterf het. Die musiek van mense soos oom Kerrie Bornman kan 'n mens mos op geen ander tipe konsertina tot sy reg laat kom nie ! Wat 'n tragedie staar ons nie in die gesig nie ! Of sal ek sê, tot nou toe.

Grotendeels as gevolg van die uwe se knaende gekerm dat iets aan bogenoemde saak gedoen moet word, het die moedige oom Danie Labuschagne (soos gewoonlik) besluit om die bul by die horings te pak en te begin werk. Tussen hom en Darryl Coetzee (wat die eerste blaasbalkies (of pense) gemaak het, het ongeveer 20 pragtige en duursame instrumente al die lig gesien. Talle ou konsertinas wat al gaar gespeel was, is ook van splinternuwe fluitjies (die enigste onderdeel wat ingevoer word) voorsien en het op die manier weer 'n tweede asem gekry.

Die prys van 'n nuutgeboude boerekonsertina (kassie ingesluit) is tans R4 250-00. Nuwe fluitjies kan in 'n bestaande instrument oorgebou word teen 'n bedrag van R2 000-00 (fluitjies is van getemperde veerstaal gemaak). Drie verskillende modelle is tans beskikbaar, nl. Die wat in C / G sleutel gestem is, of in F / C of G / D . Elke instrument word met die hand gemaak, is uniek en is 'n kunswerk in sy eie reg.

Dan maak oom Danie nog tussen-in steeds die TEEKAS basviool wat so treffend ingespan word deur die Lekker Kêrels van Gert Jooste-hulle.

6. BRIEWE VAN ONS LEDE :

a. Mev Zia Venter van Murrayfield : Vanaf die vroegste tye het die mens musiek gemaak. In die Bybel lees ons van musiek en musiekinstrumente, bv. die basuin, fluit, harp, luit, simbaal, siter en tamboeryn. Daar word ook gepraat van koordanse en lofsange. Musiek praat ‘n internasionale taal dwarsoor die ganse wêreld. Ons kan net luister en ontspan. Ons is nie gedwonge om ‘n vreemde taal te bemeester deur na musiek te luister nie.

Tradisionele boeremusiek en boeremusiek byeenkomste dra by tot ‘n groot vrolikheid en feestelikheid onder liefhebbers van die soort musiek. Jonk en oud kan vrolik saam musiek maak, luister, dans en kuier. Die wonder van boeremusiek is die skeppende vermoë van musikante om musiek te speel sonder note bladlees. Wie kan nog soveel verskillende wysies en ritmes uit sy kop uit onthou, weergee en so harmonieus en gevoelvol saam musiek maak? Dis ‘n wonderlike gawe !

‘n Konsertina is seker een van die moeilikste instrumente om baas te raak – een klank met die intrek en ‘n ander klank met die uittrek van die wurmpie ! En watter musikant het al ooit sy hand op papier gewaag om ‘n bladmusiek melodie vir ‘n konsertina te skryf ? (*Ek vermoed Stephaan van Zyl het ‘n antwoord op hierdie vraag. Red*.)

Dit is verblydend dat baie jong kinders op verskillende instrumente boeremusiek speel. So word die musiektradisie vir ons volksbesit behou. Mag die pragtige klanke van tradisionele boeremusiek nog lank op ons ore val ! Mag die musikante, asook aanbieders van tradisionele boeremusiek en liefhebbers van die musiek, die kuns nog vir eeue oordra, voortdra en uitdra! Tradisionele boeremusiek *... ... “jou het ons lief bo alles!”* .

Uitnodiging :

Kom geus met jou gesin
Vriende, familie of wie jy bemin
Na die Tradisionele Boeremusiek aande

Pak ‘n mandjie met ‘n doppie daar by
Ys en koeldrank sal jy ook nodig kry
By ons Tradisionele Boeremusiek aande

Kom kyk en luister, gesels en dans
Ontspan en vleisbraai is jou kans
By ons Tradisionele Boeremusiek aande

Voel jy soms hartseer, olik, of is jy alleen
Onthou jy is nie die enigste een
Kom maak vriende by ons Tradisionele Boeremusiekaande

Dankie aan die musikante jonk en oud
Vir die pragtige boeremusiek se behoud
Orals en hier by ons Tradisionele Boeremusiekaande !

Zia Venter

b. Mnr Hennie Bezuidenhout van Mountain View :

Dagsê my tradisionele boeremusiek vriende, wat ons so met die verloop van die jare leer ken het as vriende, eintlik al Familie geword. Daar is egter ‘n paar dorinkies in my skoen wat my pla :

Eerstens : Die byeenkomste wat al swakker word, behalwe wanneer almal hier vergader vir die AJV. As ons al die lede neem van ander takke en nie-lede van die TBK, dan is daar sowaar ‘n handjievol lede van die Pretoria-tak, wat die funksies bywoon.

Tweedens : Dit krap aan my dat daar laasjaar slegs drie byeenkomste was, die vierde byeenkoms was die AJV van die TBK, ek sien hierdie jaar is dit dieselfde. Die AJV wat plaasvind is mos ‘n byeenkoms van alle takke, wat net deur Pretoria-tak aangebied word. Die bestuur van die Pretoria-tak het hier ‘n gaping gesien om ons uit ‘n byeenkoms te verneuk. Die beste van alles is dit het laasjaar gewerk, dus word die gaping hierdie weer geneem. Nee mense, ons betaal nie ledegeld om verneuk te word nie. Vroeër jare (3 jaar gelede en voor dit) is hierdie byeenkoms van die AJV as ‘n addisionele byeenkoms gereël. Ek en ander lede wil van hierdie geleentheid gebruik maak om ons ten sterkste teen hierdie besluit uit te spreek. Daar word alreeds te min gedoen om regte tradisionele boeremusiek uit te dra en te bevorder.

Dit bring my nou by die afgelope byeenkoms op die 11de Februarie 2006. Wat ‘n fiasko, skandelike byeenkoms, maar Die gruste, dat nie eens voldoende konsertinaspelers en musikante was nie. Wil ons so tradisionele boeremusiek bevorder, dit nadat die Voorsitter van die TBK by elke geleentheid dit bepleit. Baie dankie Stephaan van Zyl vir skitterende spel, Darrel Coetzee, mondfluitjie spelers en mevrou Schoeman dat julle ons vergas het.

Ek moet egter sê dat dit die swakste byeenkoms is wat ons die afgelope 6 jaar bygewoon het. As dit die trant is waarop Dinge ge-organiseer en gedoen word, tesame met die opkoms, dan het ek nie regtig hoop dat ons nog 5 jaar gaan volstaan nie. Lees die vorige nuusbrief weer ‘n keer, waar Carel en Ina met lof praat van die byeenkoms wat by die Vaaldriehoek-tak plaasgevind het. Dit laat ‘n mens dink, nê?

Ek hoor dat Ds Kobus Muller baie planne het, maar ek wil vir julle sê dat iets drasties by Pretoria-tak moet plaasvind, om Dit weer ‘n volwaardige tak te maak. As dit so is dat musikante vir dit wat vir ons ‘n erfenis en dierbaar is, nie wil deelneem op byeenkomste nie, dan verdien daardie lede om nie verder lede te wees nie. Die TBK moet ons grootste dryfveer wees, Volgens statistieke het Pretoria die meeste konsertinaspelers, asook musikante, hulle skitter in hul afwesigheid !

Kom ons stel tradisionele boeremusiek eerste, moet asb nie toelaat dat die persoon groter word as boeremusiek nie !

Tradisionele boeremusiek bo !

(*Dankie vir jou brief Hennie. Om eerlik te wees, het ek al lank gelede hierdie brief verwag – nie van noodwendig van Hennie nie, maar oor die inhoud. Ek gaan jou <u>probeer</u> antwoord, Hennie, maar hou ingedagte dit is my eie persoonlike siening en nie die van die TBK of die Pretoria-tak van die TBK nie (sien ook die laaste paragraaf van hierdie nuusbrief).*

*Kom ons begin by die doring in die kleintoontjie : <u>**die min lede wat byeenkomste bywoon**</u> : dit is al hoeveel keer in die nuusbriewe genoem waar dit ooglopend meer nie-lede as lede van die TBK is wat die byeenkomste bywoon – ons het al hoeveel keer ‘n beroep op lede (veral in die Pretoria omgewing) gedoen om die byeenkomste plaaslik by te woon. Net vir interessantheidshalwe, vandag (18de Maart 2006) is daar 139 van 623, of te wel 22,3% van die totale ledetal van die TBK,*

waarvan die poskode tussen 0001 en 0205 is, dit wil sê wat almal of in die voorstede van Pretoria woonagtig is of in die stad self woonagtig is. Gaan kyk maar op bladsy 4 van die poskode boek van die poskantoor en jy sal sien hoe die poskodes ingedeel is. Sien ook my inset oor "Kwyn belangstelling?".

*Die doring in die groottoon : **Aantal byeenkomste per jaar** : Hennie, jy het self melding gemaak oor die swak opkoms tydens ons byeenkomste – weereens, hoeveel keer is daar gevra wat die lede verwag tydens byeenkomste, wat wil die lede hê moet die komitee doen om meer lede/nie-lede te trek, maar so te sê geen voorstelle nie. Jy weet self dat daar baie meer mense tydens Oppikoppie (of is dit Oppiekoffie?) bymekaar kom, met goeie ondersteuning van TBK lede terwyl 'n TBK byeenkoms in Pretoria plaasvind. Die vraag kom dadelik by jou op .... waar lê die lede se lojaliteit ? Of wil die orkeste/musikante wegbreek van die reëls en regulasies van die TBK om ook elektriese kitare, dromme ens. te bespeel, of die tradisionele wysies op die moderne manier te speel om sodoende ook in die kollig te wees? Of om weer die stukkie plestiek uit te haal om die kitaar te slaan? Neem nou maar die AJV van die takke : elke jaar word daar gevra vir voorstelle vir 'n nuwe voorsitter en komitee-lede ens., maar wat gebeur elke jaar ?..... dieselle voorstel word jaar na jaar herhaal .... "ek stel voor dat die komitee net so herkies word" en daar gaat ons ..... Neem nou maar vir myself .... ek is die 25ste Mei vanjaar al 15 jaar voorsitter van die Pretoria-tak, ek doen 'n helse klomp administratiewe werk vir die TBK en om eerlik met jou te wees, ek voel ook partykeer lus om op 'n Saterdagaand so teen 6 of 7-uur by 'n byeenkoms op te daag, lekker rustig met die bekendes en onbekendes te gesels, my aangemaakte koeldrankie rustig te drink, my tjoppie en wors op die kole te braai en so teen 10 of 11-uur se kant weer huiswaarts te keer. Moet my nie verkeerd verstaan nie, die admin werk is interessant en dit hou my besig na my halfdag werk ..... maar daar is darem seker perke ook.*

Die Pretoria-tak sou, indien ons met elke byeenkoms 'n goeie opkoms tydens al die byeenkomste die vorige jaar gehad het, seersekerlik nie gehuiwer het om meer as net 3 byeenkomste per jaar aan te bied nie. Hoeveel keer die afgelope 3 jaar het ons minder as R100-00 gebank na al die betalings gedoen is nie? Dit staan enige iemand vry om op 'n komitee geko-opteer te word en sodoende sy/haar bydrae te lewer om die TBK se saak te bevorder.

***Orkeste/musikante :** Dit is sekerlik nie aangenaam om op 'n Donderdagaand in kennis gestel te word dat XYZ nie meer sal kan optree nie. Op 'n Donderdag aand het al die ander orkeste/musikante alreeds hul plekke/tye van optrede gefinaliseer. Wat doen 'n mens dan? Ek het twee of drie persone geskakel in verband met optredes, maar "ongelukkig moet ons op Oppikoffie gaan speel". Ons weet almal dat die petrolprys en lang afstande baie mense afskrik om by 'n sekere plek te kom – ons probeer ook maar om 'n paar liter petrol vir die musikante/orkes lede wat van ver kom te gee ..... partykeer kry jy die indruk dat daar verwag word om almal se voertuie se petroltenk vol te maak ..... waar gaan ons dan eindig? Het jy al opgelet hoe het die briewe van ons lede verminder het ?Red.)*

c. Mnr Pieter de Lange van Blyvooruitsig :

Ek wil net graag 'n kort briefie in die pos gooi om my adres te verander. Ek kan mos nie bekostig om kontak te verloor met my boeremusiek vriende nie ! Alhoewel ek nou heelwat verder van Witpoortjie af woon en die nagblindheid net erger word, gaan ek nogtans probeer om darem die Wesrand-tak se byeenkomste by te woon. Daardeur kan ek nog steeds julle harde werk met nuwe plate (CD's) bekom en darem ook die ou vriende bly groet solank die gesondheid dit toelaat. Beste wense en vriendelike BM groete. (*Baie dankie vir jou adres verandering, Pieter. Red.)*

7. BRIEWE VAN ONS TAKKE :

a. Vaaldriehoek-tak : Met die dat die son so warm is … voel kompleet of hy dooierus vat op 'n man … sien ander-dag hoe staan die kiewiete in die skadutjie van die lamppale … vee ek die swete met die laphoed bokant die wenkbroue weg … netnoumaar kom maak dit brand in die oë … dink ek aan die keer toe die kraai so op die lae muurtjie kom sit het … vlerke so weg van die lyf af vir die lugversorger om te kan werk … en hy kyk my so uit die skuinste uit waar ek ook wegkruipertjie met die warmte speel … reken ek die kraai dat hy eintlik nou moet gaap … die ou mense het mos altyd gesê dat dit so warm is dat die kraaie gaap … op ander plekke kan dit dalk so wees, maar hier, vandag, sê die kraai … kan geen kraai dit waag om te gaap nie, want voordat hy sy bek toegemaak het, is sy mangels tot kaiings verbrand … reken nou net …

In Meimaand 2002, na aanleiding van 'n radioprogram, waar ek van oom Sewes van Rensburg se musieke gespeel het … skakel iemand en sit my op die spoor van oom Piet van Vreden. Oom Piet van Vreden (toe 84 jaar oud), se moeder en oom Sewes se moeder was niggies. Tant Betta uit wie se teekamer programme van Boeremusiek oor die lug uitgesaai was, was oom Sewes se broer Dawid se vrou. In 1938 het oom Piet saam met oom Sewes begin kitaar speel. Die Sannie in "Sannie se Vastrap" was oom Sewes se vrou. Oom Sewes se broer, Dawid, het in Klerksdorp gebly … hy het kitaar en konsertina gespeel … oom Dawid se seun – klein Sewes, het ook kitaar gespeel.

Verder was daar 'n meneer Steenkamp (Steenberg?) wat teekas bas bespeel het. Laasgenoemde kon moontlik ook vir oom Hendrik Susan basviool gespeel het. Volgens oom Piet van Vreden, het oom Hendrik Susan tydens 'n opname van die Soutpansbergsetees, met 'n geleende konsertina gespeel. Tydens die opname van die Klerksdorpwals het oom Piet saam met oom Sewes van Rensburg gespeel.

Tannie Anna Louwrens van Klerksdorp het my op oom Piet van Vreden se spoor gesit … oom Piet is die tannie se oom … ek dag ek sê maar net …

Graag wil ek met u 'n daggedagte, maandgedagte en/of 'n kwartaalgedagte deel … iewers het iemand ietsie gesê oor die waarheid uit die mond van 'n dronkaard en suigeling … per geleentheid het 'n jongeling die dag afgesluit en die nag so beginne …

"Liewe Jesus, kyk tog asseblief mooi na Uself … want as enigiets met U sou gebeur, is ons almal in ons maai in! … Amen"

Ons oujaarsdans, net soos verlede jaar, het weer ons vriende bymekaar gebring – omtrent almal wat deur die jaar gekuier het, was hier … die musieke was mooi – die kosse lekker, die lagge wyd en die mense mooi … Hugo, Miranda, Hennie en Diek het kom kuier – baie dankie … dankie aan almal wat bygedra het om die byeenkoms so "ons eie" te kon maak en ervaar …

***Groetnis,* Peet van Staden en die bestuur van die Vaaldriehoektak van die TBK**

b. Ook uit die Vaaldriehoek: Ek verwys na skrywe wat hier aangekom het met die slakkepos … Ek praat oor die idee van die laserskyf ter herdenking van die 25ste bestaansjaar van die TBK – 'n baie goeie idee. Ook voel ek dat die 17 persone wat 25 jaar lank lid was, verdien 'n baie spesiale sertifikaat, so ook behoort daar erkenning gegee te word aan die persoon wat verantwoordelik was vir die voorstelle …

Ons algemene jaarvergadering die 25ste Februarie was 'n aand van openbaringe. Weereens het ons meer lede as nie-lede gehad. Alhoewel ek nie meer wou nie, is die hele bestuur weer herkies – baie dankie vir die vertroue … dankie vir die hoofbestuur wat teenwoordig was, asook Tom en Sias.

Om dan te bepaal wie eintlik ons ingeskrewe lede van die tak is, het Tom met behulp van die rekenaar en poskodes voorgestel dat ons 77 lede het … op ons vergadering was 26 lede … vir my is die "ingeskrewe lede" 'n onsekerheid, daar ek nie weet waar die grense van die Vaaldriehoektak is nie, so sal ek graag ook wil weet hoe loop die grense van Goudveld, Bloemfontein ens… ens.

Wat wel 'n feit is, is die 10% faktor, 10% van die TBK ledetal, wat huidiglik 629 is, verwag 'n teenwoordigheid van 62,9 lede per vergadering. Blykbaar beplan die hoofbestuur om die grondwet gewysig te kry … hoe weet ek nie … ek sou graag wou sien dat ek ipv 26 lede by die einde van die jaar 62.9 lede te probeer hê … dan het ek mos nie probleme met die 10% nie … dalkies net met die .9 lede …

Ons volgende byeenkoms is op die 6de Mei, weer in die Vanderbijlparkse Hoërskoolsaal in Shakespearestraat vanaf 4nm. Neem asseblief kennis dat ons toegangsgelde verhoog is … R25 per persoon vir lede en R30 per persoon vir nie-lede. Erelede en Oudstryders kom gratis in … laerskool kinders gratis en hoërskoolkinders R15 per persoon.

Ons het die volgende orkeste/musikante genooi om ons te vereer met hulle talente en teenwoordigheid:

6 Mei – Hugo Radley, Musiekmakers, Koos Meiring, Theuns Shoeman met sy Bandonion asook die ander gereelde bereidwilliges.

5 Augustus – Jimmy McDonald, Musiekmakers, Mario du Plessis, Robbie Holm asook die ander gereeldes.

Neem asseblief kennis dat ons beplande datum van 4 November 2006 vervroeg word na 28 Oktober 2006 vir 'n beplande Tradisionele Boeremusiekdag van 10 vm tot 12 nm in die Vanderbijlparkse Hoërskoolsaal … ons het reeds onderhandel met nagenoeg 15 Musiekmaker groepe/persone. In die volgende nuuswaardige skrywe van Tom sal ons meer inligting bring … maak asseblief net die datum in u beplanning vir dié jaar vas.

Dankie vir almal wat skakel, skrywe, funksies bywoon, kom inloer en verneem na onse welstand … met die onlangse besoek aan die hartspesialis het my skoonpa se dogter goeie slegte nuus gekry … ons is dankbaar ten spyt. Aan andere wat terugslae gekry het en ook waar 'n geliefde se plek nou leeg is… die ander aand by Wesrand het Rooies en Chrissie nog lekker saam met ons gelag en gegrap … so ook met ons AJV op 25 Februarie, skielik die tyding dat Rooies (Fred van Tonder) onderstebo in die hospitaal is met beroerte – dit het aan ons gevat! Vertroosting en sterkte, beterskap en die hoop op spoedige herstel, is ons wens … aan almal en elkeen van u … (*U vriendelik dog dringend versoek om die volgende nuusbrief dop te hou vir 'n definintiewe datum vir die boeremusiekdag, aangesien die 28ste Oktober voorlopig is. Red.)*

Te lei en te dra …

Ons sit in die hospitaal se gang
Binne-in ons is dit vol van bang.
Ander mense loop verby …
Hulle het perdalks sekerheid gekry.
Daar kom 'n oom aangeskuifel ...
Sy hele houding wys die twyfel.
My gedagtes gaan in tyd terug …
Na die meule – onder die keerwal se rug.
Die water wag die hele kanaal vol …
Kom! Lig die sluis, dat die water kan hol!
Die water val in die bakkies van die wiel …
Om soos die gedagtes van my siel …
Gedraai te word in die ronde om …
So begin belde, ratte en wiele in beweging kom.
Dan kom 'n tannie met 'n rolstoel aan …
Met ander se hulp moet sy gaan …
My kyk word groter – sien iets ysliks …
Waar haar bene moet wees – is niks!
Sekerlik het sy ons oë gevoel …
Angstig word die kombersie daaroor gewoel.
Dankie Vader, vir dit wat ons mag hê,
Al moet die dokter vir ons nog kom sê.
By die deur van die "ICU",
Sit 'n man sy "Pie en Coke" en proe …
Hy sit al hier van gisteraand se tyd,
Die bekommernis lê vlak en wyd.
Gang af kom 'n trollie … klik-klak, klik-klak,
In een van die wiele, die hoorbare hap.
Herinneringe kom lê nog weer vars
Van stoomtreine met klik-klak roet en knars.
En so stap gister se tyd ook aan …
Ons en vriende wat deur diepe waters gaan
Netnou gaan die maan en sterre skyn …
Vader van Genade, sien en hoor ons pyn …
Ons wil vir U as Allerhoogste vra
Om almal van ons,
Deur hierdie onsekerheid,
Te lei en te dra …

16/9/2005

NS – Die wenner van die lokomotief wat oom Hendrik van Rensburg gebou het, was meneer Chris Fourie … baie geluk … ek hoop die Vaaldriehoek Express verskaf vir u groot plesier … Chris is een van die Fourie-broers wat gereeld by ons funksies kuier … dankie weereens oom Hendrik … gooi die kole!! Groetnis tot 'n volgende keer…!
(*Peet, baie dankie vir jou bydraes – ek waardeer dit, want as jy jou bydraes uit hierdie nuusbrief haal, weet ek nie waar ek sou ge-eindig het nie ! Ek wens dat ander lede / takke ook meer van hulle wil laat hoor, maar na dese? Red.)*

8. KWYN BELANGSTELLING ?:

Na aanleiding van Mnr Hennie Bezuidenhout se brief, wil ek graag die volgende vragie vra en u is welkom om daarop te antwoord, hetsy op skrif of telefonies – dit sal darem tenminste bewys dat die belangstelling nog daar is ! Vraag : Is die belangstelling in tradisionele boeremusiek besig om te kwyn? Dit is nie hieroor of daaroor nie, maar as 'n mens kyk na die aantal lede wie se lidmaatskap elke jaar voor die AJV be-eindig word as gevolg van die nie-betaling van hul jaarlikse ledegeld, dan kan 'n mens nie anders as om die vraag te vra nie. Jy stuur elke jaar die Vertroulike Inligtingstrokies uit met alle beskikbare inligting van die lid daarop. Hoeveel van die strokies kom elke jaar NIE terug nie (ek is nie bekommerd oor die lede wat jy so te sê elke dag sien nie of wat gereelde kontak met die TBK het nie), maar dis daardie lede wie se nuusbrief met die strokie wat terugkom .... jy kan sien die brief is oopgemaak, weer toegeplak en "Vertrek" of "Onbekend" word voorop die koevert geskryf en na my toe teruggestuur en jy hoor nooit weer van die lid nie !

Ek sê nog, die hele ding het begin toe CD's op die mark gekom het ..... almal het gedink hier kom 'n lekker "goue baie geld verdien" geleentheid, maar aan die einde van die het baie op hul neuse gekyk en skuldig gevoel. Met rugby wedstryde en tot 'n mindere mate krieket, kan 'n mens duidelik sien waar die lid se prioriteite lê ..... Nog 'n vraag : hoeveel lede, wat in en om Pretoria woon, het nog nooit een van die Pretoria-tak se byeenkomste bygewoon nie ? Hoekom moes ons tot 19:30 wag totdat daar genoeg lede teenwoordig was om 'n kworum (van 64 lede) te kry en dit terwyl daar meer as 400 lede in die onmiddelike omgewing van Pretoria woon ! Elke lid het kennis gedra van die feit dat die AJV om 15:00 sou begin, maar 19:00 was baie meer gerieflik, want die rugby het mos +-18:30 klaargemaak ! En hoeveel erelede woon die AJV by ? Ek weet van 'n hele paar wat bitter lanklaas by die AJV was !

Hoeveel lede is daar, wat sedert hulle by die TBK aangesluit het, wat nog nooit die AJV van die TBK bygewoon het nie ? Dit is natuurlik nie vir almal moontlik om die AJV by te woon nie as gevolg van die groot afstande. Die vraag is of die takke nie te veel byeenkomste per jaar aanbied nie is al ge-opper ... die Pretoria –tak het van 5 byeenkomste per jaar na 3 per jaar afgeskaal (dit sluit natuurlik nie die AJV in nie). Het u al opgelet hoeveel nuwe gesigte u by 'n byeenkoms sien .... is dieselfde gesigte nie maar elke keer te siene by 'n byeenkoms nie ? Eerlikwaar lede, ons sal moet gaan stilsit en besluit op die pad vorentoe vir tradisionele boeremusiek. Wat sou u sê moet die bestuur doen om weer vol sale te kry, soos bv. Essellenpark waar daar by meer as een geleentheid 1,000 plus mense was !

Gaan kyk na **OPSKOMMEL Nr 2/90 van Junie 1990** ... op die voorblad word oor dieselfde probleem geskryf ... dieselfde opmerkings, nl ..... " weinig of min reaksie". Die redakteur, Dr Ed Retief, het sy redaksionele inleiding soos volg afgesluit : "Die TBK is ons klub; dit is uniek. As u nie meedoen om die klub te voed nie, gaan daar net 'n groot leë dop met meer as 850* lede oorbly. Daar is donker wolke wat sowel die Afrikaner se wese as sy kultuur erfenis bedreig en die bestuur kan hierdie stryd om ons kulturele identiteit te bewaar, nie alleen voer nie. Maar harde woorde hoort nie in die TBK tuis nie. Ons glo u gaan positief reageer en bydra tot die sukses van ons klub". Hierdie is my persoonlike vrae / siening ens. .... sien ook die laaste paragraaf van hierdie nuusbrief.
(850* lede in 1990 en nou bykans 16 jaar later het ons 623 lede

9. LANGPIET DEEL SY KONSERTINA-LEKKERTE VAN 2005 Ludwig Visser (Deel 1)

Oor mooi en lekker kan 'n mens glo nie stry nie, maar vra gerus vir 'n musikant wat is vir hom die lekkerste of wanneer is hy op sy gelukkigste, en die antwoord sal wees: Wanneer hy vir iemand kan musiek maak. 'n Musikant is mos die mededeelsaamste mens op aarde. Hy maak presies soos wat die filosoof Michel de Montaigne gesê het: "Ek het geen plesier gehad as ek dit nie met ander kon deel nie."

Die jaar 2005 was by voorbaat vir prof. Langpiet de Villiers en 'n klompie van sy musiek-makkers so 'n deel-jaar, 'n ware geniet-jaar. Langpiet self het by nie minder nie as dertig geleenthede gedurende die jaar 'n gehoor of 'n groep mense met sy konsertina vermaak, of sommer met iemand gesels oor die konsertina en die soort musiek wat daarop gemaak kan word.
En dis nódig dat dit gedoen word, want dis al langer as honderd-en-vyftig jaar dat die konsertina hier in ons geweste bespeel word, en die liefhebbers van die musiek is nie altyd so seker daarvan dat dié musiek na waarde beoordeel word nie. Die gevaar bestaan ook dat dit heeltemal in die niet kan verdwyn en dat niemand sal besef dat 'n kultuurbesit verdwyn het voordat dit te laat is nie, meen die lang professor.

'n Voorbeeld van hoe die musiek wel grense en tyd kan oorbrug en mense se hartsnare kan roer: Op 'n besoek aan UKKASIE in die Wembley-stadion in Londen in 2001 het baie van die meer as sesduisend uitgeweke Suid-Afrikaners wat sedert 1994 ander oorde gaan opsoek het, dié aand trane in die oë gehad toe 'n span Suid-Afrikaanse Volkspelers hul ding daar gedoen het. Die trane het ook nie weggebly toe daar later op 'n sokkiejol op maat van Langpiet se konsertinaklanke litte losgemaak is nie. Hy meen dié geleentheid het hom daarvan oortuig dat ons kultuurgoedere só doelbewus in stand gehou behoort te word. Hy is nou oortuig daarvan dat veral die manne met 'n liefde vir konsertinamusiek dit móét doen.
En in die proses waarmee hy dan ook in 2005 besig was, was hy altyd gelukkig om 'n span manne te kry wat lekker saam met hom kon musiek maak, omdat 'n konsertina alléén nie by gehore soveel aanklank sal vind nie. Ander manne wat kitaar, banjo, trekklavier, tromme of klavier kon speel, het hom altyd "goed" laat lyk en klink, beweer hy, en dis juis hierdie manne wat nie altyd die erkenning kry wat hulle verdien nie.

Omdat die manne nie altyd almal kan saamreis nie, het Langpiet nou al so ‘n klompie mede-musiekmakers op verskeie plekke in die land op wie se klawers hy altyd kan druk as hy daar kom. En hulle is maar altyd té bereid om te kom saamspeel.
In Port Elizabeth is een van hulle Rudoplh (Rudie) Britz, ‘n man met vele musiektalente. Hierdie doktor was dan ook destyds een van die stigterlede van die Akademieks, ‘n groep akademici met ‘n groot liefde vir konsertinamusiek, wat saam lekker musiek gemaak het. Hy bespeel die kitaar en verskeie ander instrumente. Ook in die Baai is Tekkie de Ridder, self ‘n man wat die konsertina meesterlik bespeel, asook verskeie ander instrumente, soos kitaar, banjo en baskitaar. Dan is Reon Brown ook altyd gewillig om in ‘n noodgeval met die kitaar uit te help. Selfs die res van die De Villiers-gesin spring partykeer in, as Langpiet se twee seuns, Nico en Wilhelm, twee regsgeleerdes, partykeer “sommer vir die lekker” hul pa op die kitaar begelei.

Op Mosselbaai is Langpiet se staatmaker-musiekvriend van baie jare, Freddie Rheeder. Hy is ‘n baie gewilde, maar baie beskeie musikant. Hy is verskeie musiekinstrumente baas, soos die banjo, kitaar en trekklavier, en hy haal die “soet klanke” uit hulle waarvan Manie Bodenstein altyd gepraat het. Voorts is daar nog Marius Louw en Allen Green, wat ook altyd in daardie geweste bereid is om ‘n musiekgeleentheid te skep.
Selfs doer ver in Namakwaland, waar dit altyd warm en droog is, is ‘n span manne wat altyd bereid is om musiek te maak. Joost Kirstein is vaardig met die kitaar en banjo, en as hy die dag so voel, ontpop hy selfs as sanger. André Engelbrecht verskaf op tromme altyd die ritme wat die musiekmakers op koers hou en die gehoor se voete laat jeuk.
In Gauteng is Hennah van der Westhuizen, wat die Volksdansers met haar klavierbegeleiding bystaan, glad nie skaam om vir die konsertina ook plek in te ruim nie.

Sonder hierdie mense, meen die lang professor, sou sy vele optredes net nie moontlik gewees het nie, en elkeen het op sy of haar eie manier bygedra tot die bevordering van konsertinamusiek en die instandhouding van ‘n kultuurskat.
Maar terug by verlede jaar en al die optree-kanse wat Langpiet en sy musiekrvriende benut het. Die jaar het begin met ‘n program saam met Rudie voor ‘n groep senior burgers uit die omgewing van Springfield in Port Elizabeth. Dit was ‘n oorwegend Engelssprekende groep, en daar moes in Brits oor boeremusiek met hulle gekommunikeer word. Waar die taal gebrekkig was, het die konsertina gepraat, en ná ‘n program van meer as ‘n uur waarin daar musiek gemaak, geskerts en stories vertel is uit die musiekmakers se loopbane, was dit duidelik dat die gehoor net nie genoeg kon kry nie.
Kort daarna was dit weer ‘n geldinsamelingsveldtog van die gemeente De Duin in die Baai. Ook hier was dit duidelik dat die program geniet is.

Op 9 Maart het Langpiet en Rudie weer ‘n Engelse gehoor gehad toe hulle voor ‘n vereniging vir afgetredenes van die Trinity Baptist Church opgetree het. Daarna het ‘n lid van die waarderende gehoor geskryf: “Dear Langpiet, Those two words `thank you’ seem so inadequate to give full expression to our gratitude for the morning of enjoyment which you and Rudolph gave us last Wednesday. The form of entertainment was out of the ordinary for our fellowship group and it sent everyone on their way afterwards with a new spring in their step. On Sunday morning when we met at church the group was still bubbling. Thank you again for the joy which you provided...”

Op 16 Maart verleen die ATKV erkenning aan Langpiet as Afrikoon vir sy bevordering en popularisering van konsertinamusiek. Ook hiervoor erken hy met dank die bydrae wat sy mede-musiekmakers gemaak het.

Op 31 Maart het Langpiet ‘n onderhoud gehad met die bekende Fonnie du Plooy van die SAUK, natuurlik oor konsertinamusiek en die pad vorentoe. Die opname is op 6 April uitgesaai.

Net drie dae later, op 9 April, by Die Ou Lange se sewentigste verjaardag, het Freddie Rheeder en Rudie Britz heerlike musiek gemaak. Die groep vriende wat vir die geleentheid byeen was, het dit met spontane applous begroet.

Op 3 Mei was dit weer radio-tyd. ‘n Gesprek met Veronica Fourie oor konsertinamusiek is in Engels en Afrikaans uitgesaai.

Op 6 Mei moes Rudie en Langpiet by die musiekperiode van die Hoërskool Cillié in die Baai gaan optree. En geoordeel aan die jongspan se applous, was die reaksie oorweldigend.

Op 11 Mei was dit weer die beurt van Humewoodstrand se Senior Klub. Rudie en Langpiet het die bejaardes gaan vermaak met musiek en stories, en ook hierna was die dank oorvloedig en entoesiasties.
Die twee musikante het nie veel blaaskans gekry nie, want op 13 Mei was hulle al weer voor ‘n gehoor van Algoapark se ACVV, en in ‘n dankiesêbriefie agterna word geskryf: “Die ou tannies voel splinternuut en bloedjonk ná ‘n heerlike program. Musiek is mos kos en van hierdie wonderlike kos is ons knuppeldik en gevolglik vol energie. Baie dankie, dit was ‘n belewenis saam met julle twee.”

Op 27 Mei het Seesig se dienssentrum vir seniors aan die beurt gekom toe Langpiet en Reon Brown daar gaan optree het. Weer was dit hoofsaaklik Engelssprekendes, en weer was dit duidelik dat hulle net nie genoeg van die program kon kry nie. Ook dat musiek hom aan geen taalgrense steur nie. (Ek sê baie dankie vir hierdie bydrae, prof, ongelukkig het die spasie my ingehaal, dus sal ek die laaste gedeelte in die volgende plaas. Ek voel sommer baie beter, want nou is die nuusbrief darem weer 6 bladsye vol ! Red.)

10. KAN DIT WEES ?

Ek het nou die dag die volgende vraag van een van ons lede ontvang : As jy gaan sit en mooi luister na die “Mooi Nooi Settees” soos gespeel deur Tienie van Vuuren kom die vraag ook by jou op : was dit werklik Tienie van Vuuren of was dit ‘n skuilnaam vir Silver de Lange ? Vir meer inligting oor die opname self, skakel asb vir Peet van Staden by 016 981 2605. Red.

Let wel dat die briewe / antwoorde daarop / op- of aanmerkings daarop nie noodwendig die TBK se siening is nie en die bestuur en / of skrywer van die nuusbrief kan nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie.

Beste wense en groetnis.

T.E. Adams

(Voorsitter : Pretoria-tak van die TBK van SA)

NS Hierdie nuusbrief bevat 6,411 woorde, 35,820 karakters met spasies en 391 lyne !)LW Hierdie bladsy se lettergrootte is 10 teenoor 10.5 van die vorige bladsye !